HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Ouerомsendbrief nr. 91 van 2026**

13 Augustus 2026

**HERREGISTRASIE VAN 'N LEERDER BY HOËRSKOOL RANDBURG VIR 2027**

Geagte Ouer/Voog

Die herregistrasie vir huidige leerders van Hoërskool Randburg vir die jaar **2027** het begin. **Alle huidige leerders is volgens departementele regulasie verplig om te herregistreer.** Die sluitingsdatum hiervoor is **Vrydag, 11 September 2026**.

Neem asseblief kennis dat indien u kind na **11 September 2026** registreer, hy/sy op 'n waglys geplaas sal word en dat die departement ander leerders wat voor hierdie datum geregistreer het in sy/haar plek mag plaas. Ons versoek dus dringend dat u hierdie aangeleentheid in 'n ernstige lig beskou.

Indien u enigsins twyfel of u kind in 2027 Hoërskool Randburg gaan bywoon, versoek ons dat u op die stadium sal aandui dat hy/sy wel volgende jaar in Hoërskool Randburg gaan wees.

U gaan ook 'n e-pos ontvang met die elektronies skakel waarmee u seun/dogter vir 2027 kan herregistreer.

Indien u kind die skool aan die einde van die jaar verlaat, sal 'n oorplasingskaart voorberei word wat saam met die finale rapport ontvang sal word.

Die uwe

**E. GOUWS**
**ADJUNK-HOOF: FINANSIES**

**P. BOOYSEN**
**SKOOLHOOF**

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za